

1

Op skool was ek maar slagpat. My onderwysers het gesê: “Mathysen, jy is slagpat. Wag dat die army jou kry, die army gaan jou breek.”

Ek het nêrens uitgeblink nie. Min belofte getoon. Mis-kien was dit omdat ek as baba ’n waterkoppie was. Har-singvloestof het nie uit my skedel gedreineer nie, dit het opgebou en druk op my brein geplaas. My ma het onraad vermoed omdat ek baie geslaap het. As ek wakker word, het ek gehuil.

Omdat my pa by die Militêre Akademie op Saldanhabaai gestasioneer was, is ek na hulle hospitaalafdeling geneem. Die mediese ordonnansie het nie geweet wat fout is nie. Toe my ma my uiteindelik by ’n spesialis kry, het hy met sy vingers teen my kop geklop en gesê: “Sy kop voel soos ’n waatlemoen, mevrou.”

Daar is ’n snit in my skedel gemaak en die vloestof is gedreineer. Ek kan tot vandag nog die sny onder my hare vind; dis ’n lang keep wat ek met my vinger kan volg. In die dae toe ek my hare borselkop gedra het, kon mens dit sien. Dit het my ma altyd laat gril.

Voor ek skool toe is, het ons na Pretoria getrek. My ouers het geglo ek is verstandelik vertraag tot die dag dat ek graad 1 deurgekom het. Dis nie dat ek my eerste skooljaar met vlieënde vaandels geslaag het nie – ek het

geen graad of standerd met vlieënde vaandels geslaag nie. Ek het elke keer net deurgeskraap.

Op Kersaand aan die einde van my graad 1-jaar het ek deur 'n glasdeur gehardloop. 'n Skerf het deur my bolip geklief en 'n blywende litteken gelaat. Ek het van jongs af littekens versamel. Dit het my familie se indruk versterk dat ek dom, lomp en ongekoördineerd was. Hulle was nie verkeerd nie.

Ek was hopeloos in wiskunde, rekeningkunde en wetenskap. Biologie het nie veel sin gemaak nie. Aardrykskunde was net-net verstaanbaar. Geskiedenis het ek verstaan; dit was soos 'n lang storie. Dit het gehelp dat my pa 'n geskiedkundige was. Hy het 'n passie daarvoor gehad en ons het gereeld oor naweke na Boereoorlog-slagvelde gegaan. Daar het hy die geveg uiteengesit terwyl ek en my twee broers patroondoppies tussen die gras en klippe gesoek het. In kuns het ek talent getoon. Dit was die enigste skoolvak wat ek werklik geniet het.

Ek het met min van my onderwysers oor die weg gekom. Party van hulle was sadiste en boelies. Lyfstraf was 'n aanvaarde onderwys hulpmiddel. Dissipline is met die rottang en plak gehandhaaf. Ons het 'n houtwerkonderwyser gehad wat veral lief was om ons te moer. As jy onder sestig persent vir 'n houtwerktekening gekry het, is jy geslaan. Ek het nooit meer as vyftig persent gekry nie.

Daar is geglo dat lyfstraf karakter bou. By my het dit 'n weersin in die misbruik van gesag gekweek. My swak akademiese prestasie en my gebrek aan belangstelling het van my 'n gereelde teiken gemaak. Ek was nie 'n rebel of 'n stoutgat nie, ek was net eenkant. Ek het verkies om my eie ding te doen. Die onderwysers het dit nie verstaan nie.

Daar was goeie onderwysers ook, en 'n paar van die

onderwyseresse was oulik. My kunsonderwyser was self 'n buitestander. Hy het sy kunsklas 'n hawe vir individualiste gemaak. My geskiedenisonderwyser was 'n waardige man met 'n liefde vir sy vak. Hy het geskiedenis laat lewe. Hy was ook heelagter vir die Blou Bulle. Ek het hom gerespekteer.

In my standerd 6-jaar gebeur iets wat die aandag op my vestig. Een middag is ek en 'n klomp maats doenig in 'n vriend se agterplaas; ons maak bomme met chemikalieë. Ek kan nie so mooi onthou nie, maar ek is amper seker dit was nie eens my idee nie. Ons meng swembadchloor met Jeyes Fluid. Dan staan ons terug en kyk hoe dit in 'n helder vlam ontbrand. Toe besluit ons om dit in 'n Cokebottel te meng om te sien wat gebeur.

Ek en Adri Storm sal die eksperiment uitvoer; die ander skuil agter tuilmure en bosse. Eers gooi ons die chloor in. Toe ons die Jeyes Fluid ingooi, begin dit dadelik te rook. Ons gooi die bottel eenkant toe en draai weg om ons uit die voete te maak. Agter ons is daar 'n geweldige geluid – sssssssssdoef! Arms oor die kop slaan almal dekking. Ek lig my kop net hoog genoeg om die Cokebottel soos 'n ongeleide projektiel verby my te sien trek.

Skuins agter my begin Adri skree. Ek kruip oor na hom toe. Daar is 'n gapende wond aan sy kuit. Ek probeer hom kalmeer. Met sy kop op my skoot sien ek hoe die ander seuns weghardloop. Hulle spring oor die muur en verdwyn in agterplase in. Ander vlug straataf. Alleen sit ek met die skreurende Adri op my skoot.

Die oop fraktuur aan Adri se been neem maande om te herstel. Terug by die skool word ek alleen geblameer vir die voorval. Nie een van die ander kom na vore nie. Dit kweek by my 'n wantroue in my medemens, 'n